# Die Kruin-o-gram

13 Junie 2021 - Uitgawe 02

## ‘n Nuwe hoop | Romeine 8:18-30

Om ‘n breë oorsig te kry van die *Brief aan die Romeine* lees gerus die Kruin-o-gram se derde uitgawe van Meimaand (16 Mei 2021). Romeine word baie dikwels gesien as die *Magnus Opus* van Paulus se briewe, in die sin dat Paulus op ‘n deurdagte manier omgaan met die inhoud van die evangelie. Onlangse akademiese navorsing het egter die teenoorgestelde bewys, naamlik, dat Paulus eintlik besig is om sy eie geloofsworstelinge te verwoord. Op ‘n subtiele manier leer ons die karakter van Paulus ken, aan die hand van Romeine.

Romeine 8 is ‘n voorbeeld waarin ons Paulus se geloofsekerheid raaksien. Hierdie hoofstuk is baie goed uiteengesit en word gestruktureer aan die hand van twee tesisse. Die eerste tesis vind ons in vers 18 waarin Paulus sê, dat as gevolg van die mens se sonde, nie net die mens daaronder ly nie, maar ook die skepping. As gevolg van dit is die skepping dan in afwagting vir die toekomstige glorie van God, wat die totale verlossing oor die skepping sal bewerkstellig. Volgens Romeine 8 het hierdie verlossingsaksie klaar begin, deur God wat Sy Gees uitgestort het oor die mensdom en die Gees wat namens ons optree.

Die tweede tesis is dan die uitvloeisel van die uitstorting van die Gees, naamlik dat God tot ons beswil optree. Daar is egter ‘n probleem met Romeine 8:28, omdat manuskripte of *ho theos* (God) byvoeg en ander manuskripte dit uitlaat. Deur die geskiedenis van die teks wil dit vir ons lyk asof *ho theos* wel by die gedeelte gevoeg moet word, om die idee te skep dat God alles gebruik, sodat dit ten goede sal meewerk.

Verder is Romeine 8 vol literêre style wat die teks vir die gewone leser ingewikkeld kan maak, maar wanneer dit tot voorskyn kom, is die mooi van die teks, Paulus se oortuiging, rakende die werking van die Gees en sy literêre vernuf sigbaar.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ‘n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Hoe lyk jou voorbereiding vir die eksamen?

2. Na God
   a. Lees Romeine 8:18-30
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Wat sê hierdie gedeelte oor die Heilige Gees?
   e. Watter hoop skep hierdie gedeelte vir ons?

3. Na mense
   a. Hoe tree iemand op wat ‘n geesvervulde lewe lei?



# Die sterk Simson

## Rigters 13 en 16

Die Israeliete was weer in die moeilikheid. God stuur toe vir Simson. Hy het 'n sterk man geword. God het hom gekies om die Israeliete te red van hulle vyande, die Filistyne.


Simson het geweet dat hy baie sterk sou bly as hy nie sy hare sny nie.

Simson was verlief op Delila. Die Filistyne het vir Delila gesê hulle sal haar betaal as sy uitvind hoekom Simson so sterk is. Simson het eers vir haar gejok.

"As jy my met toue vasmaak," het Simson gesê, "sal my krag verdwyn." Terwyl Simson daardie aand slaap, het Delila hom vasgebind. Toe skree sy: "Die Filistyne is hier!" Simson het opgespring en die tou gebreek. Delila het hom gesoen en gesê: "Vertel asseblief vir my jou geheim."

Simson het ingegee en haar vertel: "My krag lê in my lang hare." Toe Simson slaap, sny Delila sy hare af. Simson se krag was weg! Die Filistyne het hom gegryp en hom in die tronk gegooi.

'n Ruk later het die Filistyne 'n groot partytjie gehou. Hulle het vir Simson gaan haal en hom gespot. Simson het gebid dat God hom 'n laaste keer sterk moet maak. God het. Simson het hard teen die pilare gedruk. Die tempel het inmekaargeval en Simson het die Filistyne oorwin.



(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| Sondag 13 Junie |
| --- |
| Marozane van Heerden |

| Maandag 14 Junie |
| --- |
| Wian Meyer |

| Dinsdag 15 Junie |
| --- |
| Stian du Toit |
| Annatjie Postma |
| John van Rooyen |

| Woensdag 16 Junie |
| --- |
| Stephan du Plessis |
| Tobie van den Heever |

| Donderdag 17 Junie |
| --- |
| Johandre Schonken |
| Esther Skarabis |

| Vrydag 18 Junie |
| --- |
| Seun Green |
| Alexander Slabbert |
| Antonette van Tonder |

| Saterdag 19 Junie |
| --- |
| Johan Grundling |
| Philip Oosthuizen |
| Leana van Dyk |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
Hilie Green - Tia de Jager - Sarie Vermaak - Marie-Louise Knoesen
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen
Yvonne (Marius en Vonrie Jacobs se moeder) - Marietjie Nel
Charles van Loggerenberg

**OPERASIES**
Bets Lottering - Jaco - Deon Potgieter - Marie-Leen Liebenberg

**AFSTERWE**
Maryka Potgieter se naasbestaandes

**GEBOORTES**
Runé en Eckard Erasmus - Arion - 24/05/2021

**SWANGERSKAPPE**
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Mense wat werk soek, veral 'n jong, enkel mamma wat dringend 'n werk moet kry.

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™